## 19 Januarie  Daniël 6:11-29

### *Verdra die onreg*

Daniël het as eerbare en pligsgetroue werker gewys dat hy die vertroue verdien wat ander mense in hom stel. Jaloerse kollegas kan nie eers foutvind met enige iets wat Daniël gedoen het nie. Maar 'n ander agenda plaas onregmatige druk op Daniël. Koning Darius soek sy eie eer. Somtyds word ons in 'n moeilike posisie in ons werk geplaas en moet ons die probleme op ons pad hanteer. Jaloersheid, afgunstigheid, wedywering, regstelling en bevoordeling kan moontlike oorsake daarvan wees. As Daniël onregmatig behandel word, tree hy beslis op en gaan hy voort om die Here te aanbid, soos wat hy lankal al gewoond was om te doen. Die gebed van die gelowige is immers die belangrikste deel van die dankbaarheidslewe. Dit is noodsaaklik dat gelowiges gereeld tyd moet afstaan met God in sy Woord, in gebed, in lofprysing en in dankbaarheid. Dan hoef ons nie bang te wees vir die mag waaroor die wêreld beskik nie en is ons voorbereid as onreg op ons pad kom. Paulus het aan Timoteus geskrywe dat 'n dienaar van die Here "... iemand is wat onreg kan dra" (2 Tim 2:24). Ons troos is dat daar teenoor die menslike koninkryk 'n Goddelike Koninkryk bestaan. En die mag van God se Koninkryk is groter as menslike mag. God openbaar Homself op 'n baie besondere wyse. Hy is die lewende God. Hy bestaan ewig en Hy is Verlosser. Selfs Darius word gedwing om dit te erken as Daniël ongedeerd uit die leeukuil stap. Laat ons nooit ophou om die Naam van die Here in hierdie wêreld te bely nie en om op die Here te vertrou nie.

Sing: Psalm 9:1,6,7  Ds. J. Lion-Cachet (Port Elizabeth)